# Hoofstuk van die dag: Jeremia 32

> *… so sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Daar sal weer huise en grond en wingerde in hierdie land gekoop word. (Jer 32:15)*

Dit was die jaar 587 vC; die jaar waarin Nebukadnesar

Jerusalem sou inneem en verwoes. Die beleëringswalle is klaar teen die stadsmure gegooi. Dit was net ’n kwessie van tyd voor die einde van die Ryk van Juda sou aanbreek.
In dié tyd kom Jeremia se neef Ganamel na hom waar hy in huisarres is, met die versoek dat hy sy lossersreg en -plig moet uitoefen en ’n stuk familiegrond in Anatot koop (vers 8). Die versoek was uiters onbillik. Die land was reeds beset, en daar was nie ’n manier dat Jeremia die grond sou kon benut nie. Jeremia het nie gedink dis ’n plan nie, soos dit blyk uit sy gesprek met God ná die transaksie (vers 16 ev). Tog gehoorsaam hy God se bevel, al verstaan hy nie (vers 25). Vir hom moes dit gelyk het of dit die einde van die pad vir hulle almal is.
Geloof is om, ten spyte van omstandighede wat jou wil oorweldig, met die gewone lewe voort te gaan in die vertroue dat God sy goeie werk in jou lewe end-uit sal voer (Fil 1:6).

Naskrif: Jammer, iewers het hierdie epos verlore geraak so ek stuur dit weer. Groete!

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026